

# Om U Naam ontwil

Teks: Psalm 79: 1 - 13

Teksvers: Psalm 79: 9

## 1. Inleiding

**D**ie Naam van die Here staan sentraal in ons prediking vanoggend. En ons as gelowiges weet dat die Naam van die Here geen ligtelike saak is nie. Ons het immers nou nou in ons geloofsbelydenis, die Naam van die Here bely. Ook in die wet by die derde gebod bely ons, dat die ydelike gebruik van die Naam van die Here 'n onvergeefbare sonde is. En ons weet dat al hierdie dinge ook goed bekend en oortuig was onder volk van die Here van ouds. Daarom skep hierdie heilige oortuiging in verband met die Naam van die Here die basis waarvan opgetree word in ons Psalm.

As ons na die omgewing kyk waarin opgetree word sien ons die volgende. Dan is skrifbestudeerders dit eens dat hierdie Psalm 'n laat ontstaan het. Dat dit waarskynlik nie in Dawid se tyd geskryf is nie, is duidelik. Want in die eerste twee vers word die vernietiging van die Tempel en die bloed vergieting van die dienaars van die Here beskryf. Daarom word hierdie Psalm na die Babiloniese inval en wegvoering van ballinge in 586 v.C geplaas. 'n Ander gewilde datum is die tyd van die Makkabeërs wat in die tydperk tussen die Ou en Nuwe Testament val. In hierdie tyd is daar ook grootskaalse verwoesting van die Tempel en vervolging van die dienaars van die Here.

Tog is hierdie Psalm nie te oud om vir ons iets te leer vandag nie. Juis ook hier in die moeilike tye wat ons tans beleef, is die belangrik om tot die Vader te nader vir uitkoms uit die situasie. Maar kan ons die metode gebruik wat Asaf aanwend in Psalm 79. Of meer belangrik, wat is ons plek in die nadering tot die Here in die metode van Psalm 79.

## 2. 'n Oorredingsmetode

Wat hierdie een van die moeilike Psalms maak om oor na te dink, is ons Nuwe Testamentiese oortuigings. Ons almal ken die bekend woorde van Christus in Matteus 5:39: "As iemand jou op die regterwang slaan, draai ook die ander wang na hom toe." En juis daarom is 'n wraakpsalm soos Psalm 79 so moeilik om te verstaan. Want dit is duidelik dat hier gepleit word vir die vernietiging van die vyand. Maar

watter metode wend Psalm 79 in hierdie versoek aan die Here aan?

Eer en vernedering speel 'n groot rol in die leef wêreld van hierdie afstammeling van Jakob. Die hoof van die huis moes die huis bewaar en die goeie naam van die gesin nie in die skande laat kom nie. Ons ken nog vandag ongelukkig steeds die idee van 'n vyand wat 'n mens se huis binnekom en geen respek vir jou familie het nie. Maar dit is natuurlik net die onderste boublok van hierdie gedagte. Daar is nog die dorp of stad met sy leiers en dan uiteindelik ook die land of volk met sy leiers. En dan anders as vandag se atïestiese samelewing met sy geloof in die wetenskap. Is daar ook die volk en sy afgod wat gedien is. En in hierdie opsig geld dieselfde oortuiging. Omdat die gode bonatuurlike krag het, sal hulle nie toelaat dat 'n volk, se land en veral hulle tempel binnegeval word en tot skande gemaak word nie. Dit wat volgens vers 1 van ons teksgedeelte gebeur.

Dit is dan ook presies die hoek wat hierdie Psalm neem in sy oortuigings metode. Die idee van ons weet dat die Here almagtig is en enige iets kan doen. Maar Hy moet dit bewys aan die ongelowiges. Die Here moet in geregtigheid asb. tog die ongelowiges kom straf vir hulle oortredings, vir hulle skending van Sy heiligheid. Want as God dit nie doen mag die heiden dalk dink dat die Here geen krag het om Sy volk te red nie.

Dit is die oortuigings metode wat ons aantref in Psalm 79. Iets van 'n herinnering aan die Here dat daar mense is wat Sy heiligheid geskenk het, en dat daardie mense ook terloops my vyande is. Herken u iets van hierdie wraak karakter is moderne gebede en versoeke aan die Here?

## 3. Watter kant van die Heilige Naam

Soos ons reeds gesê het, speel die groep 'n belangrike rol in hierdie benadering. Want dit is gewoonlik 'n groep wat 'n gemeenskaplike vyand het. Daarom bring konflik op 'n snaakse manier ook eenheid. Die gedagte van die vyand van my vyand is my vriend. Iets wat ons ook sien in ons samelewing vandag. Die

covid-19 pandemie is mos die gemeenskaplike vyand waarteen ons moet verenig of hoe?

Dit is uiteindelik die vraag, van watter groepering is ek deel. Wie is ons leier en wie is ons vyand? Dit is ook die fout wat Israel van ouds maak. Daardie ou gedagte van verbondsoutomatisme wat tot vandag toe nog die uitverkiesingsleerstuk, 'n slegte naam gee. Die afstammeling van Jakob het gedink dat hulle mos outomaties in die verbond gebore word, en daarom kan hulle mos doen wat hulle wil. Uiteindelik word hulle verbondsoortredings gestraf in hulle wegvoer in ballingskap na Babel. Iets wat hulle baie goed beseft in vers 5 van ons teksgedeelte.

En daarom die vraag aan watter kant van die Heilige Naam van die Here staan die mense wat hierdie versoek vir regverdige optrede vra? Is hulle nie vanweë hulle oortredinge tog ook maar deel van die heidene nie. Hulle het immers self ook die tempel ontreinig met hulle optrede.

Sien, die heiligheid van die Here maak die groepering mense rondom Hom anders. By God kan ons nie maar soos aardse groeperinge onself vergryp aan dinge waarvoor ons die vyand aankla nie. Daarom moet ons soos Asaf in Psalm 79 goed beseft, dat terwyl ons pleit vir die heiligheid van die Naam van die Here, ons self steeds ook die heilige Naam van die Here gereeld skend. En daarom het die versoek ter wille van u Naam 'n spesifieke uitgang in die tweede gedeelte van ons teksvers.

## 4. Versoening ter wille van U Naam

Net omdat die mens nie by die bepalings van die verbond kon hou nie, vergeet die Here Hom nie. Uiteindelik is die langzaamheid in optrede van die Here juis genade, soos 2 Petrus 3:9 ons leer: “<sup>9</sup>Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie”. God sien nie van Sy plan van uitverkiesing af nie. Maar daar is natuurlik 'n probleem.

Sekere optrede en aspekte veroorsaak dat 'n mens uitgesluit raak by 'n groep. Veral as ons na die idee van eer en skande kyk. Sekere optrede kan net soveel skande oor 'n groep bring dat die betrokke lid uitgesluit moet word,

ander word die groep in geheel van sy eer ontnem. Met die Here is dit dieselfde. Ons kan nie as sondige mense voortgaan om eenvoudig Sy heiligheid te skend nie. Deur die eeue het ons ook agterkom dat ondanks die beste pogings en voornemens van die mens, hy/sy maar voortdurend terug val in die sonde wat die Heiligheid van die Here skend.

En daarom begin ons teksvers met die uitroep “Help ons”. Maar dan gaan dit nie voort om selfsugtig dinge vir onself op te eis nie. Nee, ons teksvers herriner die Here aan die rede waarom Hy genade moet betoon. Dit gaan uiteindelik oor Sy Naam alleen. Die uitroep in ons teksvers is duidelik die verwysing na die gedagte uit Esegïel 36 vers 22: “Dit is nie ter wille van julle dat Ek optree nie, Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat deur julle oneer aangedoen is”

Dit is uiteindelik die rede waarom die Redder ons Here Jesus Christus ook na die aarde gekom het. Want as die enigste Verlosser nie ons sondes met die vergieting van Sy bloed aan kruis kom versoen het nie. Dan was ons steeds deel van die heidene wat net die toorn van die Here kan verwag.

## 5. Slot

Ons kan afsluit met 'n antwoord op ons vraag aan die begin. Kan ons hierdie metode gebruik om tot die Here te nader? Selfs in die moeilike tye wat ons tans beleef? Die antwoord uit ons teksgedeelte, is Ja. Ons kan die woorde van Psalm 79 steeds sing en bid, soos wat ons ook gereeld doen. Dit is nie in stryd met die Nuwe Testamentiese uitlewing van naaste liefde waartoe die Here ons roep nie.

Want eerstens het die gebod om die Here te eer, wat natuurlik die heilige onderhouding van Sy naam insluit, steeds hoër gesag as liefde tot ons naaste. Daarom moet ons altyd dit hoog ag in die uitleef van ons geloof. Eintlik in alles wat ons doen.

Die naaste liefde uit hierdie wraak Psalm kom in die feit dat ek my plek moet ken. Ek is niks beter as die heidin wat die tempel ontreinig of die bloed van die dienaar van die Here vergiet nie. Dit is net dat my pad verby die kruis op Golgota geloop het. Ja daar is die bloed van die Gesalfde oor vergiet. Maar daardie vergieting, het vir ons verlossing gebring. En daarom kan ek hierdie Psalm bid en sing as kind van die Here.

Wanneer die heilige Gees hierdie verlossing in ons harte werk, dan is hierdie nie meer soseer 'n wraak Psalm wat die ondergang van my vyand soek nie, maar eerder 'n lofpsalm wat in alles die Naam van die Here wil verheerlik. Dan is ons, wanneer ons Psalm 97 bid en sing nie soos die duiwel in Matteus 4:7 besig om die Here op die proef te stel nie. Maar eerder besig met die bekende afsluiting van ons gebed "om U Naam ontwil". Dan is ons ingesteldheid Psalm 115:1 "Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys.

Amen